

Brei 'n sonneblomtrui vir jou sonstraaltjie



stilerling ANNINE VAN REENEN

Brei dié trui in koussteek en borduur hom in 'n japtrap vir 'n klein klits

SONNEBLOMTRUI

Patroon deur die Ontwerpateljee, UNISPIN

BENODIGDHEDE

Fiesta Pullskein (100-g-uittrek-stringe), 3(4; 4) stringe wit; resbietjies liggeel, groen, olyfgroen en botelgroen; asook 'n paar gram goudkleurige Fiesta Export Flair, en 'n paar gram swart Fiesta vierdraad; paar Inox-breinaalde van 3,25 mm en 4,50 mm; 'n 3,25-mm-rondbreinaald (Inox). Die hoeveelhede is gebaseer op deursneebehoefte en dus by benadering.

Gebruik slegs die aanbevole breidraad; ander soorte mag onbevredigende resultate oplewer.

MATE

Om borsmaat van 66(71; 76) cm te pas; lengte vanaf skouer 49(56; 59) cm; moulengte 34(37; 40) cm.

SPANNING

19 ste en 24 rye = 10 x 10 cm oor ks, met 4,50-mm-Ne.

Gaan jou spanning sorgvuldig na. Indien daar te min ste op N is moet dunner, en indien te veel ste, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; vlg – volgende; oorbl – oorblywende; herh – herhaal; gl – glip; ks – koussteek; rif – riffelsteek, r1, aw1; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante.

Let wel: Die motiewe kan ingebrei word volgens diagram. Gebruik afsonderlike bolle breidraad vir elke kleurgedeelte, en draai breidraad aan agterkant ineen om te voorkom dat gate gevorm word. Indien verkies, kan die motiewe ook met duplikaatsteek geborduur word, nadat breiwerk voltooi is.



'n Trui maklik gebrei in koussteek en lieflik geborduur met sonneblomme.

AGTERPANT

Gebruik 3,25-mm-Ne en wit, en stel 70(74; 80) ste op.

Brei 5(6; 6) cm rif.

Slaan oor na 4,50-mm-Ne en ks, brei

tot werk 33(38; 39) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Mousgatvorming

Heg 5(6; 6) ste af aan beg van vlg 2 rye – 60(62; 68) ste.

patroon verwerk deur SJOUKJE JORDAAN foto's MARIAM GILLAN model ASHLEY van GAPA

Brei reguit ks tot werk 49(56; 59) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouervorming

Heg 5 ste af aan beg van vlg 4(4; 2) rye, daarna 5(5; 6) ste aan beg van daaropvlg 2(2; 4) rye.

Heg oorbl 30(32; 34) ste af.

VOORPANT

Let wel: Indien die motiewe ingebrei word, brei volgens aanwysings op diagram.

Brei voort soos uiteengesit vir agterpant tot werk 43(50; 53) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Halsvorming

Vlg ry: R25(26; 29) ste, draai, plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

Heg aan beg van vlg ry en daaropvlg alt rye ste af soos volg: 3 ste een keer, 2 ste 2(3; 3) keer en vermin 1 st 3(2; 3) keer – 15(15; 17) ste bly oor.

Brei reguit tot voorpant so lank soos agterpant tot skouervorming is, eindig met 'n VK-ry.

Skouervorming

Heg 5 ste af aan beg van vlg ry, daarna 5(5; 6) ste aan beg van daaropvlg alt ry.

Brei 1 ry.

Heg oorbl 5(5; 6) ste af.

Met RK voor, heg breidraad aan oorbl ste vas, heg 10 ste af, r tot einde.

Voltooi om met eerste kant ooreen te stem, maar met omgekeerde vorming.

MOUE (2)

Gebruik 3,25-mm-Ne en wit, en stel 40(40; 44) ste op.

Brei 4 cm rif.

Slaan oor na 4,50-mm-Ne en ks, vermeer 1 st aan weersk van vlg 5e ry en elke daaropvlg 4e ry tot 54(62; 62) ste op N, daarna in elke vlg 6e ry tot daar 66(72; 76) ste op N is.

Brei reguit voort tot werk 34(37; 40) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Plaas merker aan weersk van laaste ry.

Brei nog 6(8; 8) rye ks, om aan afheg-ste van mousgatvorming vas te werk. Heg lossies af.

HALSSTROOK

Werk skouernate toe. Met RK voor en 3,25-mm-rondbreinaald, tel op en r 90(94; 98) ste eweredig gespaseer uit halsrand.

Brei 6 cm rif en heg rifsgewys, lossies, af.


AFWERKING

Vou halsstrook dubbel na binnekant om en glipsteek vas.

Werk moue vas, werk die rye bokant die merkers aan afheg-ste van mousgat vas.

Werk sy- en mounate toe.

Borduur die motiewe in duplikaatsteek (indien dit nie ingebrei was nie); en volg daarvoor die diagram. Moenie pars nie.



VERSIERING OP BREIWERK

'n Mens kan borduurwerk gebruik om breistof te versier. Die paslike borduursteek is die Switserse stopsteek, ook bekend as die duplikaatsteek. Dit word op koussteekbreistof gewerk met elke borduursteek direk oor 'n gebreide steek.

Gebruik 'n tapisserienaald en kontraskleur breidraad van dieselfde dikte waarvan die artikel gebrei is. Bring die naald van agter die breiwerk af deur na bo in die middel van die steek. Steek in van regs na links agter die steek direk bokant (sien Diagram A), dan af en deur middel van oorspronklike steek, en uit deur middel van volgende steek na links (sien Diagram B).




Diagram A




Diagram B